


Vuk'uzenzele


Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English / Afrikaans

June 2020 Edition 1



Matric rewrite exams rescheduled
Page 4



Over-crowding to be reduced
Page 13

SASSA rolls out Social Relief of Distress Grants

APPLYING for the special R350 coronavirus relief grant will be easy and paperless.

More Matshediso

The Department of Social Development has relooked at and strengthened the criteria and payment methods for the COVID-19 Social Relief of Distress Grant.

Qualifying applicants of the new grant will receive R350 per month from May to October 2020.

The applicant should be a South African citizen, permanent resident or refugee registered on the Home Affairs system and living within the borders of the Republic of South Africa.

Department of Social Development Minister Lindiwe

Zulu says the full-scale implementation of the new grant is currently under way, following the successful pilot test of a contactless application system.

"We have set up a dedicated WhatsApp line, after having tested the concept through the Department of Health's WhatsApp platform," she says.

According to the department, 15 000 applications were loaded onto the system during the test phase and all qualifying applications were due to be paid by 15 May.

Minister Zulu says the department will remain vigilant and not tolerate any form of fraud and corruption.

"We have thus built in strong cyber security and monitoring

mechanisms in this regard. All instances of suspected fraud or corruption will be investigated thoroughly," she says. Appropriate action will be taken if misconduct is established.

How to apply

The special COVID-19 Social Relief of Distress Grant will be implemented in terms of the existing avenue provided for by the Social Relief for Distress channel, which is


■ **Minister of Social Development Lindiwe Zulu says the department will not tolerate any form of corruption related to the COVID-19 Social Relief of Distress Grant.**



• Cont page 2



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:

Search for SA Government on Google playstore or appstore

CONTACT US

Website: www.gcis.gov.za Email: vukuzenzele@gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:
1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083



Ons demokrasie sal ons help om **COVID-19** te oorwin

Ons aanvaar dikwels ons gesonde en lewenskragtige demokrasie as vanselfsprekend. Dit is egter waarskynlik ons belangrikste bate in ons gewigtige stryd om die koronaviruspandemie te oorwin.

Ons het van die mees politieke betrokke burgers ter wêreld. 'n Opname wat in 2018 deur die Pew Navorsingsentrum gedoen is, dui daarop dat Suid-Afrikaners besonder geneig is om politieke stappe te doen oor kwessies waarvoor hulle baie sterk voel, soos gesondheidsorg, onderwys, vryheid van spraak en korrupsie.

Die opname bevestig heelwat van wat ons reeds oor onself weet. Ons geniet niks meer as om in robuuste gesprekke oor aktuele sake met ons regering en ons medeburgers te tree nie. Ons het 'n aktiewe burgerlike samelewing, wat immer gereed staan om ons fundamentele vryhede en regte te beskerm.

Een van die oorwinnings van ons demokrasie is dat elke Suid-Afrikaner glo dat die Grondwet hulle beskerm en dat die houe 'n regverdige en onpartydige arbiter van hul belange is.

Tydens 'n onlangse besoek aan die Oos-Kaap om die provinsiese korona-gereedheidstoestand te evalueer, het ek al hoe meer oor hierdie kwessies begin nadink.

'n Joernalis het my gevra of ek bekommerd is oor die hangende hofsak wat verskeie bepalings van die Wet op Rampbestuur uitdaag. Hierdie wet is die basis vir al die regulasies wat ingevolge die nasionale ramp-toestand uitgevaardig is om die koronavirus te bestry.

Sedert die begin van hierdie krisis het verskeie mense al hul

reg uitgeoefen om hof toe te gaan. Die inperkingsmaatreëls is reeds in die eerste week van die inperking deur 'n inwoner van Mpumalanga uitgedaag, wat van die reisverbod vrygestel wou word om 'n begrafnis te gaan bywoon.

In die sewe (7) weke wat daarop gevolg het, is 'n hele aantal hofaansoeke deur verskeie individue, godsdienliggame, politieke partye, NRO's en sake-organisasies gebring teen een of meer van die inperkingsmaatreëls waarmee hulle ontevrede was. Party was suksesvol en ander nie. Sommige het die houe op 'n dringende basis genader, en hul argumente is verwerp, terwyl ander weer alternatiewe regshulp gevind het. Ander het later besluit om hul aansoeke terug te trek ná gesprekke met die regering.

Hoewel ons natuurlik eerder regstappe teen die regering wil vermy, moet ons aanvaar dat inwoners wat ontevrede is met watter stappe die regering ook al besluit om te implementeer, altyd die reg het om ons houe met die oog op regshulp te nader. Dit is 'n normale beginsel van 'n grondwetlike demokrasie en 'n totaal aanvaarde praktyk in 'n land wat op regsoewereiniteit gegrond is.

Ons het wigte en teenwigte van toepassing om te verseker dat elke aspek van ons bestuur en beheer noukeurige grondwetlike ondersoek kan slaag. Waar ons te kort skiet, sal ons deur ons houe – en bowenal deur ons burgers – aanspreeklik gehou word. Benewens ons houe, is ons Hoofstuk 9-instellings ook daarop gerig om ons landsburgers se regte te bevorder en be-

skerm, net soos die liggame wat met die oorsigfunksie van die wetstoepassingsagentskappe belas is.

Soos ek vir die joernalis gesê het, elke Suid-Afrikaner het die reg om die houe te nader en selfs ek, as president, kan nooit in die pad staan van enigiemand wat daardie reg uitoefen nie.

Daar was robuuste en skerp kritiek teen verskeie aspekte van ons nasionale reaksie op die koronaviruspandemie, van die datamodellering en projeksies en die ekonomiese gevolge van die inperking, tot die regulasies – en hierdie kritiek sal ongetwyfeld in die toekoms voortduur. Ons as die regering het nog nooit gevra dat sulke kritiek onderdruk of stilgemaak moet word nie.

Inteendeel, waar kritiek opbouend is, help dit ons om aan te pas en vinnig op veranderende omstandighede en toestande te reageer. Dit verryk openbare debatvoering en gee vir ons almal 'n breër begrip van die kwessies wat ter sprake is.

Ons het deurentyd volgehou dat ons op wetenskaplike,

ekonomiese en empiriese data steun wanneer ons besluite neem en regulasies as deel van ons koronavirusreaksie formuleer. Ons het onder hierdie uitdagende omstandighede sover moontlik daarna gestreef om met belanghebbers oorleg te pleeg. Ons wil hê dat alle Suid-Afrikaners deel van hierdie nasionale poging is. Gewone landsburgers se stemme moet altyd steeds tydens hierdie kritieke tyd gehoor word.

Die koronaviruspandemie en die maatreëls wat ons getref het om dit te bestry, het reeds 'n massiewe negatiewe impak op ons mense gehad. Dit het geweldige ontwrigting en ontbering veroorsaak. Hoewel ons beduidende vordering gemaak het om die oordrag van die virus te vertraag, is daar steeds 'n lang en moeilike pad voor. Die volgende weke en maande sal nie maklik wees nie, en sal nog meer van ons mense verg.

Die pandemie sal dus in die toekoms steeds enorme druk op ons samelewing en ons instellings uitoefen.

Die uitwerking op mense se materiële omstandighede sal ingrypend wees, selfs terwyl ons die ekonomie geleidelik ontsluit. En solank dit die geval is, bestaan die potensiaal vir konflik, onenigheid en ontevredenheid.

Maar terwyl ons ons pad deur hierdie troebel waters vind, bly ons Grondwet ons heel belangrikste riglyn en ons waardevolste beskermingsmaatreël. Ons robuuste demokrasie verskaf die krag en die veerkragtigheid wat ons benodig om hierdie diepgaande krisis te oorkom.

Net soos die regering besef dat die meeste hofaansoeke deur mense se algemene welstand gemotiveer word, moet ons ook insien dat die besluite wat die regering neem in goeie trou geneem word en daarop gerig is om die belange van alle Suid-Afrikaners te bevorder, en nie te benadeel nie.

Ons allerbelangrikste prioriteit is om lewens te red. Elke besluit wat ons neem, berus op die strewe om die reg op lewe en waardigheid soos dit in ons Grondwet uiteengesit word, te bevorder.

Ons sal in die toekoms steeds verskillende – selfs afwykende – sienings oor ons nasionale koronavirusreaksie verwelkom. Al hierdie sienings en menings help ons om beter en slimmer te werk.

Die uitoefening van ons fundamentele vryhede van uitdrukking, assosiasie en spraak is 'n barometer van ons demokrasie se welstand. Maar dit is veel meer – hierdie regte is noodsaaklik vir die sukses van ons nasionale en kollektiewe stryd om die koronavirus te oorwin. **V**



Sigaretverbod sal lewens red



Onderliggende mediese toestande:

Kanker

Hartsiekte en beroerte

Asma

Diabetes

Silusapho Nyanda

Rokers wat die koronavirus (Covid-19) opdoen, loop die gevaar om ernstiger simptome te ontwikkel.

Covid-19 is 'n respiratoriese virus (virus wat die asemhalingstelsel aantast). Rokers loop dus dubbel die gevaar om ernstiger simptome te ontwikkel as mense wat nog nooit gerook het nie, sê dr Catherine Egbe, 'n spesialis-wetenskaplike by die Suid-Afrikaanse Mediese

Navorsingsraad se Eenheid vir Alkohol-, Tabak- en Dwelmnavoring.

Dr Egbe sê dat daar reeds bewys is dat rook verskeie onderliggende mediese toestande veroorsaak wat met ernstige simptome van Covid-19 verbind word.

Dit sluit in:

- kanker
- hartsiekte en beroerte
- asma
- diabetes.

"Selfs al veroorsaak rook nie direk dat 'n roker aan Covid-19 sterf nie, kan dit steeds indirek die oorsaak

wees, omdat rokers meer waarskynlik aan die siektes ly wat daartoe kan bydra dat mense aan Covid-19 sterf," sê sy.

Daarbenewens beskadig sigaretrook bykans elke orgaan in die liggaam en verminder in die algemeen die liggaam se vermoë om siektes te bestry.

Dr Egbe sê dat tabakrook meer as 7 000 chemikalieë produseer; 250 hiervan is as toksies vir die menslike liggaam bewys. Nege-en-sestig van hierdie 250 chemikalieë veroorsaak kanker. Dit

benadeel rokers se gesondheid asook die gesondheid van diegene wat aan tweehandse rook blootgestel word, verduidelik dr Egbe.

Sy sê dat diegene wat aan TB of asma ly ook as hoërisiko pasiënte vir Covid-19 beskou word.

"Daar is bewyse dat mense wat aan asma ly die risiko loop om ernstige simptome te ontwikkel of selfs te sterf as hulle Covid-19 opdoen. Daar is nog nie enige studies oor TB-pasiënte se risiko gepubliseer nie, maar die Wêreldgesondheidsorganisasie het gewaarsku dat dit nie onwaarskynlik is dat mense wat TB het swak op behandeling sal reageer as hulle Covid-19 opdoen nie."

Sy sê die besluit om die verkoop van sigarette onder die huidige inperkingsvlak te verbied, is in die publiek se belang.

Verkoop van sigarette

President Cyril Ramaphosa het aanvanklik aangekondig dat sigaretverkope onder Vlak 4 toegelaat sal word, maar die regering het die besluit omgekeer nadat die Nasionale Koronavirusbevelsraad met mediese kenners en verskeie rolspelers oorleg gepleeg het.

Dr Egbe sê dat, benewens die direkte gesondheidsimplikasies van rook, sigarette dikwels onder vriende gedeel word, wat tot vinniger verspreiding van Covid-19 in gemeenskappe kan lei.

"Onthou, mense word versoek om nie aan hul mond, neus en oë te raak nie. Wanneer 'n persoon rook, sal hy of sy nie daardie higiënepraktyk kan nakom nie," sê dr Egbe.

Gegewe dat ons in 'n land woon met 'n hoë voorkoms

van onder meer MIV/vigs, TB, dwelmmisbruik en alkoholisme, glo dr Egbe dat die regering die regte besluit geneem het.

Sy sê dat die regering die data tot sy beskikking gebruik om voorkomende maatreëls in te stel om Suid-Afrikaners voortdurend teen toestande soos dié wat in lande soos Italië ontstaan het, te beskerm.

"Dit is nie 'n permanente verbod nie; mense moet dit onthou," sê sy.

Suid-Afrika het tans 'n beperkte aantal ventilators, en indien die aantal mense wat ventilators gedurende die pandemie benodig skerp styg, sal die land hom in 'n posisie bevind waar diegene wat hulp nodig het, nie gehelp kan word nie.

"Ons het net meer as 3 000 ventilators. Dink net wat sal gebeur as mense wat ouer as 65 is en rokers is, ventilators sou benodig. Ons sal meer as 10 000 ventilators net vir daardie groep nodig hê. Dit is een van die probleme wat die regering probeer vermy. Ons hoop dat mense dit sal beskou as 'n goed genoeg rede om op te hou rook," sê sy. 

Bykomende verslagdoening deur sanews.gov.za

Het jy geweet?

- Jy kan Die Nasionale Raad teen Rook by 011 720 3145 skakel om jou te help om op te hou rook.
- Die Kankervereniging van Suid-Afrika bied 'n aanlynprogram aan wat ondersteuning en inligting aan rokers wat wil ophou rook bied. Besoek <http://www.ekickbutt.org.za>.